

## **Sing vooraf staande: Psalm 68:2, 13 (p. 331)**

- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;  
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneeding hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.  
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!  
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!
- 13 Ons prys U, Heer, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;  
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – / o hoor nou weer ons bede!  
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o Heer, / eerbiedig op u wenke.  
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 99:1, 2, 4 (p. 492)**

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die géruks woon;  
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 2 God wat help in nood, / is in Sion groot; / al die volkemag / niks by Hom geag!  
Hoog gedug 's sy Naam. / Laat hul almal saam / lofsing tot sy ere! / Heilig is die HERE!
- 4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,  
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.

## **Geloofsbelydenis: Nicea**

Wet

## **Skrifberyming 9-1:1, 10, 11 (26:1, 10, 11)**

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,  
deur wolke en donkerheid omsweve, / sy wet op Horeb het gegee:
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.  
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

## **Psalm 42:2, 3 (p. 214)**

- 2 Trane stort ek in my klagte, / want die spotters vra vir my:  
"Waar 's jou God?" My dae en nagte / gaan in droefenis verby.  
Nog hoor ek die feesgedruis / wat weerklink het om u Huis,  
Toe 'k 'n skaar daarheen gelei het, / my met hul in God verbly het.
- 3 O my siel, waarom onrustig? / En wat buig jy jou in my?  
Waarom in Gods lof onlustig / as die vyand jou bestry?  
Menigmaal het Hy jou druk / laat verwissel in geluk.  
Hoop op God, in Hom weer rustig! / In sy lof sal 'k my verlustig.

**Skriflesing:** Nehemia 1:1-2:10

**Kernverse:** Nehemia 1:4 en 2:8c

**By die aanhoor van dié woorde het ek gaan sit en gehuil en dae lank getreur. Ek het gevas en tot die God van die hemel gebid.**

(Nehemia 1:4 AFR83)

**My God het sy goeie hand oor my gehou, en die koning het my versoek toegestaan.**

(Nehemia 2:8c AFR83)

**Tema:** Oplossing van probleme begin met gebed

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dit gebeur met almal van ons dat daar tye kom wat jy jou werk gemaklik teen 'n goeie spoed kan afhandel en daar niks is wat druk veroorsaak nie. Maar dan gebeur dit soms dat dit lyk asof die sluise oop is. Die een stuk werk na die ander beland op die tafel en dit voel asof dit alles al klaar moes wees. Of jy kry 'n stuk werk wat so ingewikkeld is dat jy sukkel om agter te kom waar jy moet begin. Party mense raak dan maklik paniekerig. Hulle weet nie waar om te vat of te los nie, of hulle vat sommer hier en daar wild en wakker, maar niks wil regtig koers kry nie. Dit lyk of alles net verder in chaos verander.

Dit gebeur nie net met 'n mens se werk nie. Soms kry 'n mens met ander probleme ook te doen, byvoorbeeld 'n verhouding tussen mense wat skipbreuk gely het en weer herstel moet word, of daar is 'n stuk hartseer wat 'n mens of 'n hele gesin so tot stilstand gebring het dat hulle nie weet hoe verder nie. Ons kan nog 'n hele klomp sake noem waarby ons betrokke is, wat 'n probleem kan wees en hanteer moet word. Hoe nou gemaak?

Die meeste van ons sal die raad gee om te beplan. Skryf jou doelwitte neer, stel keerdadums vas en werk vir jou 'n strategie uit hoe jy die doelwitte gaan bereik. By die werk doen ons dit, in die skool en universiteit doen ons dit, ons doen dit selfs in die kerk. Ons stel 'n jaarprogram op sodat ons kan weet wat ons gedoen wil hê en wanneer ons dit klaar wil hê. Ons stem tog almal saam dat beplanning 'n goeie begin is om werk en probleme aan te pak.

Vir ons Christene gaan dit egter nie net oor ons daaglikse werk nie. Ons is immers elke oomblik van ons lewens in diens van die Here omdat ons aan Jesus Christus behoort. Hy het ons losgekoop van ons sonde en die Satan se heerskappy. Daarom noem ons Hom Here. Hy is ons eienaar. Dus, midde-in ons daaglikse werk is ons in diens van God, daarom doen ons ons daaglikse werk op 'n bepaalde manier. En daarby het elkeen van ons ook 'n roeping wat verband hou met die gawes wat die Heilige Gees aan elkeen gegee het ooreenkomstig God se besluit (1 Kor 12:7; Efes 4:7; 1 Pet 4:10-11). Vir die gelowige wat weet dat hy in diens van die Here is en dan ook so werk asof hy net vir die Here werk, is sy werk 'n groot vreugde. Die werk is vir hom 'n seën, want hy dien sy Here op hierdie wyse.

Die Heilige Gees gee ook nie gawes aan 'n mens om dowe neute nie. Hy gee dit ook nie sodat 'n mens kan spog met die gawes wat jy gekry het nie. Elke gelowige ontvang 'n gawe of gawes, want God wil ons in sy diens gebruik. En terwyl Hy ons in sy diens gebruik, is Hy ook besig om ons te ontwikkel en toe te rus sodat ons vir Hom nog meer bruikbaar sal wees. Daarom gebeur dit soms dat dit vir ons voel of die werk heeltemal bo ons vuurmaakplek is. En ons vra: Hoe nou gemaak?

Vanoggend leer die Heilige Gees vir ons die eintlike begin om werk en probleme aan te pak. En mettertyd sal Hy ons ook op die heerlike en geslaagde afloop van hierdie manier van werk wys. Net eers so 'n kort terugblik op die geskiedenis om te verstaan waar Nehemia in God se openbaringsgeskiedenis met sy volk inpas.

In die jaar 586 vC het Nebukadnesar, die koning van Babilonië, Jerusalem tot 'n val gebring. Jerusalem se mure is afgebreek, die poorte is verbrand. Van die tempelgeboue het daar net 'n puinhoop oorgebly. En die volk van die Here is in ballingskap weggevoer na Babel toe. Hierdie ballingskap sou 70 jaar lank duur (Jer 29:10; Dan 9:24). In die jaar 539 vC het Kores, die koning van Persië, die Babiloniese Ryk oorwin en in die volgende jaar aan die Israeliete die geleentheid gegun om na Jerusalem en hulle land terug te keer. 'n Groot groep van die Jode het dit aangegryp en teruggegaan na hulle land. Die eerste groot bouwerk wat aangepak is, was die tempel. Op aandrang van die Here self is die tempel in 516 vC voltooi (Hag 1), presies 70 jaar na die verwoesting van die eerste tempel.

Nie al die Jode het egter na hulle land teruggekeer nie. Na die voltooiing van die tempel het daar oor die jare nog verskeie groot groepe Jode teruggekeer. Eers in die jaar 458 vC het Esra saam met 'n groot groep Jode in Jerusalem aangekom. Met Esra aan die spits van sake het die Here dit so bewerk dat die Jode met die herbou van Jerusalem se muur kon begin. In hierdie tyd was Artasasta al koning in die Persiese ryk. Esra-hulle kon egter nie ver vorder met die muur nie. As gevolg van die heidene rondom Jerusalem en veral dié in Samaria wat skinderstories opgemaak het oor Jerusalem, het Artasasta die herbou van die muur stopgesit (Esra 4). Aan die muur mag daar nie verder gebou word nie totdat hy weer toestemming daarvoor gee.

Dertien jaar het nou al verbygegaan vandat Esra na Jerusalem teruggegaan het. Nehemia is een van die Jode wat nog nie na die land van sy vaders teruggekeer het nie. Hy het immers 'n hoë pos in die somerpaleis van koning Artasasta bekleed, hy was die koning se skinker. Dit was winter, November/Desember, toe die medeamptenaar Ganani in Susan by Nehemia aankom. Alhoewel Nehemia hierdie hoë pos bekleed en eintlik seker maar lekker in Susan geleef het, is hy tog besorg oor die volk en die stad van God. Hy vra vir Ganani uit oor hoe dit met die mense in Jerusalem gaan.

Teen al Nehemia se verwagtinge in moes hy hoor dat dit baie slegter gaan as wat hy gedink het. Die volk van die Here word gelaster en gespot, want Jerusalem se muur lê nog platgeslaan en die stadspoorte is verbrand. Die bouwerk aan die muur waarmee Esra-hulle destyds begin het, is seker ook al weer deur Sanballat van Samaria en sy bose vriende verwoes. En dit is nie net die Jode wat oor die toestand van Jerusalem bespot word nie. Die heidene het ook met die Here gespot, want in hulle gedagtes sou die Here dan nie na sy volk kan omsien in hulle ellende nie. Hulle het mos op 'n agterbakse en duiwelse manier dit reggekry dat die muur nie verder gebou kan word nie.

Met die aanhoor van hierdie slegte nuus is Nehemia se reaksie so anders as wat ons sou verwag. Hy vat en los nie sommer hier en daar nie. Hy dons nie halsoorkop in en begin allerhande planne maak van hoe die Jode vir Sanballat-hulle 'n les kan leer nie. Nehemia het gaan sit en huil en dae lank getreur. En hy het gevas en gebid. Nehemia is hartseer en bedroef oor die ellende wat sy volk moet beleef, hartseer en bedroef omdat die duivel dit reggekry het om 'n stok in die wiel te steek van die bouery aan die muur en so gemaak het dat die God van die hemel nou bespot word. Volgens die heidene sou die Here mos nie in staat wees om die Jode te beskerm nie, want die muur bly dan platgeslaan en die stadspoorte is nog steeds swart gebrand. Alhoewel Nehemia vroeër geweet het van

die ellende in Jerusalem, het die Here die ellende van Jerusalem swaar op Nehemia se hart gedruk deur middel van Ganani se berig.

Omdat die Here die ellende van Jerusalem swaar op Nehemia se hart gedruk het, het hy gevas sodat sy gedagtes net op God gefokus sal bly en hy bid. Met vertroue bid hy. Natuurlik kon Nehemia hande in die lug gegooi het en 'n klomp vloeke en skelle laat hoor het, want wat kan hy tog doen? Hy is maar net die koning se skinker en buitendien sit hy duisende kilometers ver in Susa. Dit is mos hoe mense baie maal maak, geliefdes. Ons trek ons skouers op en sê: Ag, wat kan ek tog doen? Of as ons darem sover kom om oor die saak tot die Here te bid, kla ons die heelyd en vra net dat die Here tog iets moet doen en daar hou dit op.

Deur die werk van die Heilige Gees weet Nehemia dat God almagtig is en hy wat Nehemia is, behoort aan hierdie almagtige God wat Homself met sy verbond aan Israel verbind het. Omdat God almagtig is, vertrou Nehemia dat die Here iets aan hierdie saak kan doen. En omdat die Here 'n verbond met Israel het, sal Hy verseker ook iets aan die saak doen. Dit is net die vertroue wat die Heilige Gees in 'n mens werk, wat kan maak dat 'n mens met soveel sekerheid tot God kan bid oor 'n saak. Indien 'n mens nie daarvan oortuig is dat God iets aan die saak kan doen nie, is ons geloof tevergeefs. Geloof moet 'n effek hê op ons daaglikse lewe. Ons kan mos nie ons geloof in 'n kassie bêre en net so nou en dan wanneer ons Bybel lees en eredienste bywoon dit uithaal en afstof nie. Geloof in God beheers ons hele lewe, want God regeer oor alles in hierdie wêreld.

Besorgdheid oor die volk en stad van God het Nehemia gedring om te bid. Israel is tog die Here se eiendom wat Hy destyds met kragtige dade uit Egipte verlos het. Die ellende en spot wat die mense in Jerusalem beleef is nie maar iets daar ver wat nou niks met Nehemia te doen het nie. Wat met die Jode in Jerusalem gebeur, raak hom en hy dra hulle ellende op die hart. En nou bid Nehemia nie maar net een keer en dan is dit klaar nie. Die toestand van Jerusalem bly Nehemia by. Gereeld bid hy tot God oor hierdie saak en smee die Here se seën en hulp af op wat hy meen die Here wil hê hy moet doen.

Broers, susters en kinders, let op hoe het Nehemia gebid. Ons maak baie maal die fout om ons gebede soos 'n inkopielysie te laat klink. Ons gebede is soms van begin tot einde net die heelyd versoeke: Here, doen dit vir ons, gee dat vir ons. 'n Opregte gebed tot die Here bestaan uit baie meer as net 'n klomp versoeke.

Eerstens word God *aanbid*. Nehemia aanbid God deur in sy gebed die grootheid en liefde van God in herinnering te roep. Om die Here te aanbid is om in jou gebed vir die Here te sê wie Hy is en wat Hy doen. Die Here self weet wie Hy is en wat Hy doen, maar as ons dit in gebed sê, hoor die Here dan ons weet wie Hy is en wat Hy doen. En dit is hierdie wete dat God groot en almagtig is wat vir Nehemia die oortuiging gee dat Hy na God toe kan gaan oor hierdie groot saak. Hy is die Verbondsgod wat in die hemel woon. Hy is groot en ontsagwekkend. Hy handhaaf sy troue liefde teenoor die mense wat Hom liefhet en Hom gehoorsaam.

Tweedens word die sondes bely. Nadat Nehemia gesê het wie die Here is en wat die Here doen, sê hy wie en hoe hy en die volk is vir wie hy nou bid. Dit gebeur tog so maklik dat ons onself met mense ver van ons vereenselwig wanneer dit goed gaan met hulle en hulle aangeprys word. Maar wanneer dit met hulle sleg gaan of hulle swakhede en sondes word opgenoem, wil ons nie graag met hulle vereenselwig wees nie. Ons doen dit vandag nog hier in Suid-Afrika. As daar oor die goeie en mooi dinge van ons voorouers vertel word, stoot ons graag ons bors uit en sê trots ons is Suid-Afrikaners. Maar sodra die onreg

wat in die verlede deur ons voorouers gedoen is ter sprake kom, wil ons eerder swyg en sê ons het niks met daardie onreg te doen nie.

Geliefdes, 'n mens kan jou nie van jou geskiedenis losmaak nie. Nehemia is een met die Jode daar in Jerusalem, maar hy vereenselwig hom ook met die Jode van vroeër tye wat ongehoorsaam was aan die Here. Hulle sondes is tog ook sy en sy familie se sondes. Dit is nie net die Jode van 140 jaar gelede wat die Here se gebooie oortree het nie. Hy en sy familie het dit ook gedoen. As ons vandag 'n probleem moet gaan hanteer en ons het self ook deel aan die oorsaak van die probleem, moet ons ons skuld bely. Moet dit nie vir die Here probeer wegsteek nie.

In die derde plek roep Nehemia die beloftes van die Here in herinnering. Saam met die Here se troue liefde is die beloftes van die Here die gronde waarop Nehemia smeek. Die Here het gesê as sy volk ongehoorsaam aan Hom is, sal Hy hulle oor die hele aarde verstrooi. En dit het gebeur. Die ballingskap het gekom. Maar die Here dreig nie net nie. Hy is ook 'n genadige God. As die volk hulle bekeer en sy gebooie gehoorsaam, sal Hy hulle weer terugbring na hulle land. Met hierdie belofte as grond smeek Nehemia. Maar hy sê nie die volk het hulle bekeer nie. Hy sê net:

**Hulle is u dienaars, u volk vir wie U met u groot mag en krag gered het.**

(Nehemia 1:10 AFR83) Israel is u eiendom, Here.

Geliefdes, ons kan die Here maar op sy woord neem. As Hy belowe het om iets te doen, moet ons dit glo. En ons kan ook, as die omstandighede dit vereis, hierdie beloftes van die Here in gebed noem. Ons het immers nie 'n reg om deur die Here gehelp te word nie, maar ons kan op grond van sy eie woord by Hom pleit.

Dan eers in die vierde plek het Nehemia sy versoek spesifiek genoem.

**Laat my tog voorspoedig wees met wat ek vandag wil doen. Laat hierdie man my simpatiek gesind wees.** (Nehemia 1:11 AFR83)

Vir vier maande het Nehemia met hierdie gebed aanhoudend by die Here gesmeek. Na vier maande het die Here eers aan Hom die geleentheid gegee om met die koning te praat. Dit is toe lente en Artasasta is terug uit Babel in Susan vir die somer. Artasasta en die koningin sit aan tafel waar Nehemia vir die koning wyn moet gee. 'n Koningin het nie met elke maaltyd saam met die koning aan tafel gesit nie. Die wispelturige konings van die Ooste het dit net laat gebeur wanneer hulle in 'n goeie bui was. Maar hier is die Here aan die werk. Hierdie man, Artasasta se hart is in die hand van die Here soos waterstrome: Hy lei dit waarheen Hy wil (Spr 21:1). Die Here het Artasasta in 'n goeie bui gebring.

Nehemia het ook nie sommer dadelik sy saak aan die koning gestel nie. Met sy hart wat in sy keel geklop het, het hy gewag. Hy het geweet dat die Here die tyd ryp sal maak. En Hy het dit ook gedoen. Toe die koning vir Nehemia vra hoekom hy bedruk is, gryp hy die geleentheid aan om te doen waarvoor hy vier maande lank al gebid en beplan het. Nehemia kies sy woorde reg. Hy praat van Jerusalem met die koning, maar noem nie een keer die naam Jerusalem nie. Nou-nou raak die koning net kwaad as hy onthou wat hy vroeër oor Jerusalem besluit het. En die uiteinde van die saak: Artasasta wil net weet hoe lank Nehemia weg sal wees. Verder het hy alles aan hom gegee wat hy nodig het vir die werk in Jerusalem.

Geliefdes, al het Nehemia saam met sy gebede goed beplan en al het hy sy woorde baie noukeurig gekies toe hy met die koning gepraat het, weet hy dat dit nie hy is nie maar die Here wat alles goed laat afloop het.

## **My God het sy goeie hand oor my gehou, en die koning het my versoek toegestaan. (Nehemia 2:8c AFR83)**

Kan dit ooit beter met 'n mens gaan? As die goeie hand van God oor jou is, kan dit nie beter gaan nie. En dit het alles begin deur Nehemia se gebed waarin hy die Here se hand op hom en sy volk afgesmeek het.

Ons Here Jesus leer ons ook hierdie manier van werk en probleme hanteer. Op verskeie plekke in die evangelie lees ons dat Jesus nagte deur gebid het voordat Hy 'n groot werk aangepak het. Al is Hy die Seun van God wat deur sy Vader na hierdie wêreld gestuur is, het Hy nooit sommer net halsorkop begin om iets te doen nie. Hy het eers gebid. En Hy het nie net gekom om stukkende stadsmure te herstel nie, Hy het gekom om die hele skepping van God uit die kloue van verganklikheid te verlos. Biddende gehoorsaamheid aan sy Vader was die pad na verlossing.

Moet jy so 'n groot werk aanpak soos om stukkende mure te herstel? Het die Satan en jou ander vyande die hoop en vertroue in God by 'n broer of 'n suster van jou in 'n puinhoop verander? Is jy bedroef daaroor en wil jy iets daaraan doen? Moenie halsorkop instorm nie. Begin om te bid en smek die goeie hand van God af op wat jy moet doen.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 34:1, 4, 5 (p. 166)

- 1 In weelde en ongeluk, / altyd sal ek die HERE prys;  
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.  
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.  
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.
- 4 Gods sterke Engel wil / 'n laer van beskutting wees  
om almal wat die HERE vrees. / Hy maak hul onrus stil.  
Ervaar dan en aanskou / hoe waaksaam God is en hoe goed.  
Hoe salig is 't in my gemoed / as ek op Hom vertrou!
- 5 O heil'ge volk van God, / geheilig om sy volk te wees,  
jul hoef geen honger ooit te vrees, / God waak oor julle lot.  
Die jong leeu, groot van moed, / ly honger op die skrale jag,  
maar hulle wat die HEER verwag, / ontbreek dit aan geen goed.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
20 April 2014